

ONS TRANE KOSBAAR IN DIE OË VAN DIE HERE.

Clanwilliam (08:45); Vredendal (11:00) 2013/06/22

Liturgie:

1. Votum
2. Groetseën
3. **Ps 42:1,2,5**
4. Geloofsbelydenis :
 - a. Die 12 Artikels
5. Die Wet as spieël :
 - a. Eksodus 20.
6. **Ps 102:1,4**
7. Gebed vir Woord bediening en alle nood .
8. Skriflesing : **Psalm 56:1 - 14 .**
9. Preek. : **Psalm 56:9**
10. Dankgebed.
11. Diens van Barmhartigheid
12. **Ps 128:1,4**
13. Slotseën: 2 Korintiërs 13:14 .
14. AMEN

Teks

⁹My ellende het nie ongemerk by U verbygegaan nie, U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken.

Daar is baie trane in elke mens se lewe — trane van vreugde en blydskap; trane van dankbaarheid en trane van woede; trane van rou smart by die begrafnis van 'n geliefde; trane by elke afskeid van ouers en kinders

Trane is die teken van 'n diep emosionele ervaring. Baba trane van kleuters rol oor hulle wangetjies; Trane word dikwels in stilte gestort wanneer snags die slaap van 'n mens wyk; Geweldigse spanning en stres veral onder mans is die resultaat van

ingehoue trane — om te huil is mos ’n teken van swakheid: mans en seuns huil mos nie — *Cowboys don’t cry!*”

Geliefde Gemeente van ons Here Jesus Christus,

Dis nie vreemd dat daar ook in die Bybel melding gemaak word van trane nie. Daar is talle voorbeelde van mense wat gehuil het — Selfs ons Here Jesus Christus het geweene.

📖 Na die dood van sy vriend, Lasarus —

³⁵*Jesus het gehuil.* ³⁶*Die Jode sê toe: “Kyk hoe lief het hy hom gehad!”* ³⁷*Party van hulle het ook gesê: “Kon hy wat die oë van die blinde man genees het, nie ook gemaak het dat hierdie man nie sterwe nie?”*

³⁸*Jesus se gemoed het weer vol geskiet toe Hy by die graf kom. Dit was ’n rotsgraf, en daar was ’n klip voor die ingang gerol.* ³⁹*Jesus sê toe: “Rol die klip weg.”*

📖 Aan die einde van sy aardse omwandeling —

³⁷*“Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenis wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos ’n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie!*

By die lees van hierdie besondere psalm van Dawid kom ons onder die indruk van die aanleidende oorsaak van sy trane; let ons op die feit dat daar in die Bybel ook voorbeelde van ander mense naas vroue wat gehuil het en word ons bemoedig in ons daaglikse stryd op hierdie tranedal!

1 AANLEIDENDE OORSAAK VAN DAWID SE TRANE;

In die opskrif lees ons:

’n Gedig, na aanleiding daarvan dat die Filistyne hom in Gat gevange geneem het.

Dawid was voortvluggend voor die wraakgierige Saul, ook sy skoonvader. Twee maal was dit binne sy mag om Saul om die lewe te bring, maar hy het dit nie gedoen nie

Toe het hy na die Filistynse koning Akis van Gat gevlug om asiel te soek. Ook daar was hy nie veilig nie, want die Filistyne het vir hulle koning teen hom gewaarsku met die woorde (1 Sam 21:10 vv)

“Is dit nie Dawid, die koning van die land nie? Sing hulle nie vir hom in koordanse nie: Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende!”

In lewensgevaar en met vyande oral wat Dawid om die lewe wou bring, skryf hy in digterlik taal hierdie klaaglied waarin hy telkens sy vertrou op die beskerming van die HERE uitspreek.

Ons teksvers getuig hiervan

⁹My ellende het nie ongemerk by U verbygegaan nie, U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken.

Hoe kosbaar is sy (en ons) trane tog nie in die oë van sy God, ons troue Verbondsgod nie!

In die OAV staan daar:

U het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik; is hulle nie in u boek nie?

Sy trane vervloei nie hulle word opgevang en bewaar. Waarom word iets in 'n boek aangeteken? — dat dit nie vergeet moet word nie!

2 VOORBEELDE VAN ANDER MANSPERSONE NAAS VROUE WAT GEHUIL HET EN

Josef het in trane uitgebars toe hy vir sy broers vertel het wie hy was (Gen 45::1,2)

Job op die ashoop het gesê (16:20):

My vriende spot met my; uit my oog drup trane tot God

Jeremia (9:1)

AG, was my hoof maar water en my oog 'n fontein van trane! Dan sou ek dag en nag beweën die wat verslaan is van die dogter van my volk.

'n Vader aan die voet van die berg van Verheerliking (Mark 9:24 , AV33)

²⁴ *En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo, Here, kom my ongelooft te hulp!*

Petrus die rots (Markus 14:72)

En vir die tweede keer het die haan gekraai; en Petrus het die woord onthou wat Jesus vir hom gesê het: Voor die haan twee maal gekraai het, sal jy My drie maal verloën. En hy het in trane uitgebars

3 BEMOEDIG IN ONS DAAGLIKSE STRYD OP HIERDIE TRANEDAL!

Hierdie Gedig van Dawid kon gesing word op 'n bekende lied van destyds — “Die Duif van die ver Terebinte. (akkerbome)” Die Eikestad, Stellenbosch, kom onwillekeurig in die gedagte.

Daar is egter ook 'n ander vertaling moontlik:

“Die stomme duiwe onder die vreemdes”

Die duif is beeld van weerlose onskuld. Stomheid is kensketsend van Dawid sy geduld onder lyding —heen wysend na die Seun van Dawid, Jesus Christus, van wie Jesaja geprofeteer het dat hy was soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders.

In elke provinsie van Suid-Afrika is ons bewus van duiwe wat op verskillende maniere koer.

Wanner u weer emosioneel beheer oor u traankliere verloor, luister na die lied van die duiwe wat rustig koer, dink aan Dawid se gedig in Psalm 56 en onthou wat iemand eenkeer gesê het:

Trane was ons siel skoon!

Al is my trane my spyse dag na dag as die vyande vir my sê: “Waar is jou God?” (Ps 42:3), al voel dit vir my of my lewensomstandighede vir my te veel geword het, ek deel die vertrou van Dawid

⁴ *Die dag as ek vrees, sal ek op U vertrou. ⁵ Deur God sal ek sy woord prys; ek vertrou op God, ek vrees nie; wat kan vlees my doen?* (vs. 4,5)

Al moet ek soos Dawid oor my teëstanders praat (v. 6,7)

⁶ *Die hele dag verdraai hulle my woorde; al hulle gedagtes is teen my, om kwaad te doen. ⁷ Hulle val aan, lê en loer - hulle let op my hakskene net soos hulle op my lewe geloer het.*

Dan bly my vertrou op die HERE

⁹ *My ellende het nie ongemerk by U verbygegaan nie, U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken.*

4 SLOT

In een van die Bedevaartsliedere wat deur die Ou Testamentiese volk van God gesing is telkens wanneer hulle vir die Pasga na Jerusalem en die Tempel opgetrek het, vind ons — die Nuwe Testamentiese volk van God (die Kerk van ons Here Jesus Christus) telkens en telkens weer dié troosryke versekering

⁵ *Wie met trane saai,
sal die oes met gejuig inbring.*

⁶ *Al loop hy en huil
terwyl hy die saaisak dra,
hy kom juigend terug
terwyl hy sy gerwe dra.*

Hierdie versekering het hulle geleer *Toe die Here die lot van Sion verander het*

Ons, as die kinders van die Here, se lot is ook radikaal verander daar waar ons Middelaar en Verlosser aan die kruis met 'n groot stem gesê het: "Dit is volbring!"

Op pad na Golgota deur die nou straatjies van ou Jerusalem (Sion) het Jesus vir die wenende vrou gesê:

*"Vroue van Jerusalem, moenie oor My huil nie, huil oor julleself en julle kinders,
9want daar kom dae waarin hulle sal sê: 'Hoe gelukkig is die onvrugbare vroue
en dié wat nooit 'n kind in die wêreld gebring het of gevoed het nie.'*

Is ek op my lewenspad weerloos soos 'n duif in die ver eikebome, dan jubel ek deur my trane:

*¹³Ek moet my geloftes aan U nakom, o God, ek wil U met dankoffers betaal,
¹⁴want U het my van die dood gered, my voet nie laat struikel nie, en met God by
my kon ek my pad aanhou loop en die lewenslig bly sien.*

AMEN